**DIE VERMEULEN FAMILIE SE VERBINTENIS MET PRETORIA**

**DIE EERSTE VERMEULEN's**

**GUILLIAM (GUILLAUME) CHRISTOFFEL VERMEULEN gedoop op 5 November 1788, trou te Graaff-Reinet op 3 April 1809 met Johanna Philliphina WOLFAART, geb. 16 Junie 1786.**

Guilliam was 'n veeboer woonagtig in die omgewing van Sneeuberg, Graaff-Reinet. Die veeboere, het veral as gevolg van droogte noordwaarts getrek op soek na weiding. Guilliam, en sy Graaf-Reinet buurman, Frederick Coenraad DE BEER met van hul kinders, trek mettertyd tot by die Magaliesberge en sluit hulle aan by die boere op Elandspoort (tans Burgerspark, Pretoria).

Guilliam sy vrou en volgende kinders, asook een kleinseun, was onder die eerste VERMEULENS :

1. **Catharina Elizabeth VERMEULEN**, gebore 9 Augustus 1815, getroud 12 Junie 1836 met Frederick Jacobus Matthys DE BEER.
2. **Hendrik Johannes VERMEULEN**, geb. 13 Augustus 1819, getroud met Johanna Sophia VAN NIEKERK.
3. **Gerhardus Jacobus VERMEULEN**, geb. 15 Mei 1821, getroud 29 Mei 1848 met Phillipina Susanna VAN DER WALT, nadat sy eerste vrou Heiltje Magdalena ESTERHUIZEN op 26 Mei 1847 oorlede is.
4. **Maria Adriana VERMEULEN**, geb. 31 Januarie 1825, getroud 2 Oktober 1843 met Matthys Johannes DE BEER.
5. **Guilliam (Guillaume) Christoffel VERMEULEN**, geb. 11 Mei 1833 (kleinseun, s/v. Jan Gabriel VERMEULEN) getroud met Catharina Isabella DU PLESSIS
   (Frederick Jacobus Matthys DE BEER en Matthys Johannes DE BEER was die seuns van Frederick Coenraad DE BEER)

**HARTEBEESTPOORT, PRETORIA**

**PLAAS IS ONDERVERDEEL EN TANS BEKEND AS PIONIER OPELUG MUSEUM : SILVERTON en OOK DIE WILGERS**

Gedurende 1853 koop Guilliam en sy skoonseun, Frederick Jacobus Matthys DE BEER, getroud met Catharina Elizabeth VERMEULEN, die plaas Hartebeestpoort van David Adolp Michael BOTHA. (Oordrag op 20.04.1853).

Guilliam het op die Suidelike gedeelte, waarop die grasdakhuisie, wat deur David BOTHA gebou was, geleë was, geboer en Frederick DE BEER op die Noordelike gedeelte. Deur Guilliam se gedeelte van die grond het die Moreletaspruit geloop. Water is deur die twee eienaars van die plaas verdeel.

Guilliam verkoop gedurende 1859 sy gedeelte van die plaas aan sy seun Hendrik Johannes VERMEULEN. (Oordrag vind op 28 October 1859 plaas).

Hendrik en sy gesin verhuis, vanaf sy woning in die omgewing van die huidige Kerkplein, na Hartebeestpoort, waar hy vir 14 jaar woon, die plaas verder ontwikkel en die huise verander, soos wat dit tans as die Pionierhuis bekend staan.


Nadat Hendrik se vrou gedurende 1872 sterf verkoop hy sy gedeelte van Hartebeestpoort aan sy seun Jan Albert en twee skoonseuns. Op 25 September 1874 verkoop hulle egter hul erfgrond aan Hans MUNDT afstammelinge.

Die MUNDTS verkoop 'n gedeelte, tans bekend as **DIE WILGERS en ook THE WILLOWS** aan Hendrik STRUBEN. n Verdere gedeelte is in 1890 aan The Silverton Estate Comp. verkoop. Die dorp **SILVERTON** is op hierdie gedeelte ontwikkel.

Die laaste gedeelde met die woning word deur Johanna Louisa MUNDT geb KLEINHANS in 1961 aan die Stadsraad van Silverton geskenk met die doel om dit vir die nageslag te bewaar.

Die Staatspresident, Dr N DIEDERICKS het op 5 November 1975 die gerestoreerde grasdakhuisie met die werf ongeveer 3 hektaar groot en die kerkhof amptelik as **PIONIER OPELUG MUSEUM** geopen.

In die kerkhof op Hartebeestfontein is Guilliam Christoffel VERMEULEN, wie tot met sy afsterwe by sy seun Hendrik gewoon het, en ook Frederick Coenraad DE BEER, oorlede 1860 wat by sy seun, Frederick Jacobus Matthys DE BEER en skoondogter Catharina Elizabeth , geb. VERMEULEN gewoon het, begrawe.



**Hendrik Johannes VERMEULEN**
**13.8.1819 - 04.01.1895**



*15. 'n Afbeelding van die Pioniershuis soos dit in 191[illegible] gelyk het, deur die kunstenaar Hendrik Pierneef.*
*Foto: Kunsmuseum, Pretoria*



**Die Pionier Opelug Museum**

## KERKPLEIN, PRETORIA

**Hendrik Johannes VERMEULEN**, geb. 13 Augustus 1819,getroud met Johanna Sophia VAN NIEKERKen sy broer **Gerhardus Jacobus VERMEULEN, (Bekend as Kootjie)**, geb 15 Mei 1821, getroud met Phillipina Susanna VAN DER WALT, (sy tweede vrou), trek saam met hul vader Guilliam Christoffel VERMEULEN tot by die Magaliesberge . Hulle twee vestig hulle egter in die omgewing van die huidige Kerkplein, Pretoria.

Hendrik Johannes VERMEULEN het gewoon in 'n huisie wat geleë was waar die huidige Paleis van Justisie gebou tans staan. Hy verhuis gedurende 1859 na Hartebeestfontein, die gedeelte wat hy van sy vader Guilliam, gekoop het.

Gerhardus Jacobus VERMEULEN woon op die grond in 'n baksteenhuisie, waar die Capital Teater, langs die Oostelike ingang tot die huidige gebou van die Provinsiale Administrasie, opgerig is. In Kootjie se testament word oa. die volgende vermeld : "Aan Johanna Susanna Elizabeth VERMEULEN de Noordelyke helft van Erf No. 389, Blok B.B., gelegend Pretoriusstraat, in het stad Pretoria en aan Benjamin VERMEULEN de Zuidelyke helft met de daarop staande gebouwen". Kootjie is op 8 November 1898 oorlede en het waarskynlik toe nog daar gewoon.

Albei was tuiniers en hulle het 'n aandeel gehad in die aanlê van water na Kerkplein.

## VERMEULENSTRAAT, PRETORIA


**Vermeulenstraat is na Hendrik en Kootjie Vermeulen vernoem.**

**Die Stigting van Pretoria :**
Die stigting van Pretoria as 'n dorp is op 16 November 1855 deur die Volksraad goedgekeur. Die eerste Volksraadvergadering, wat daarna in Pretoria gehou was, vanaf 27 to 30 Mei 1856 het in die huis van Hendrik VERMEULEN plaasgevind. Op die notule van die vergadering, gehou op 29 Julie 1857, onder voorsitterskap van Landdros DU TOIT, waarop Dorpsregulasies vir Pretoria saamgestel is, verskyn ook die name van Hendrik en Kootjie VERMEULEN. Met die uitmeet van die dorp is die eerste twee erwe, waarop Hendrik en Kootjie reeds etlike jare gewoon het, aan hulle toegeken. **Die VERMEULENS word dus beskou as die eerste inwoners van die dorp Pretoria.**


**Hierdie artikel met foto verskyn in die tydskrif Die Bronberger, "November 2009"**

**Pretoria Hotel**
Dié foto (derde foto onder) is in 1893 of 1894 geneem. Die Raadsaal, links op die foto, is pas voltooi maar die horlosie is nog nie geïnstalleer nie. Die lang gebou met die stoep aan die regterkant van die foto was in 1899 die Pretoria Hotel. Sy naam het later verander na die South African Hotel.
Die boom op die foto is die laaste oorblywende akkerboom wat oorspronklik, net na die aanleg van Pretoria, deur Kootjie Vermeulen voor sy huis aangeplant is. Die bome was vir jare ’n landmerk in Pretoria en daar is gereeld veilings in hul skadu gehou. Na die tweede Vryheidsoorlog het die laaste boom finaal van die toneel verdwyn.

## FOTOS VAN KERKPLEIN MET KOOTJIE SE AKKERBOOM





1876



ca 1890



1893 – 1894



Op heden den 29<sup></sup>

Op heden den 29 July 1857
Zyn te zamen gekomen de
onderstaande persoonen —
ten einde: —
Dorps Regulatien
voor het dorp [illegible]
daar te stellen. —
Tegenwoordig: —
A. du Toit Landdrost [illegible]
A. van der Walt Veldcornet
J. H. M. Struben Kapt.
J. Schutte [illegible]
P. J. Smit heemraad
H. Vermeulen
W. Schutte
Jan Terrell. —
H. Austin
Jac. Vermeulen. — en andere
alle inwoners van bovengenoemde
Dorp. —
Door wien de navolgende
artikelen zyn daargesteld
en [illegible] goedgekeurd
Art. 1.
De noodzakelykheid [illegible]
hebbende van een dam en
waterwoor [illegible]

22. Die name van 'n aantal vroeë inwoners van Pretoria, onder andere landdros Du Toit, veldkornet A.P. van der Walt en Hendrik en Kootjie Vermeulen, op die notule van 'n vergadering wat die landdros op 29 Julie 1957 belê het om dorpsregulasies vir die dorp Pretoria op te stel.
Foto: Stadsraad van Pretoria



VERMEULENSTRAAT VANAF KERKPLEIN



VERMEULENSTRAAT VANAF MARKSTRAAT



**EERSTE KERK IN PRETORIA**

Die eerste Kerk in Pretoria was die Nederduitsche Hervormde Kerk, Philadelphia, Broederstroom gemeente, gestig 1854. Gedurende 1854 is begin met die bou van 'n kerk, op Kerkplein en is die kerk voltooi in 1856.Die kerkinwyding was op 21 en 22 Februarie 1857.

Gedurende 1965 word 'n konsistorie en 'n kantvleuel aangebou.

Die twee VERMEULEN broers, Hendrik Johannes en Gerhardus Jacobus (Kootjie) was handige messelaars en was behulpsaam met die bouwerk aan die kerk. Kootjie was ook die eerste koster van hierdie gemeente, 'n pos wat hy vir baie jare bekleë het.

Een van Kootjie se dogters, Philippina Susanna VERMEULEN, gebore 8 November 1857, word op 5 September 1858 in die Kerkplein NH Kerkie gedoop saam met 47 ander kinders. Sy was moontlik die eerste VERMEULEN kind wat in dié kerkie gedoop is.








**Die Kerkie soos geskilder deur Marianne Churchill (1857)**

**Kerk nadat daar aangebou is in 1865**

**Grafsteen Kootjie se dogter gedoop op 5.9.1858**

**GARSFONTEIN, PRETORIA**

Die jongste dogter van Guilliam Christoffel VERMELEN, **Maria Adriana VERMEULEN**, geb. 31.1.1825, getroud met **Matthys Johannes DE BEER**, geb.11.6.1820. vestig hulle, ongeveer gedurende dieselfde tyd wat Guilliam en sy gesin hulle te Hartebeestpoort vestig, op die die plaas Garsfontein, Pretoria. Die plaas was 911 morge, 590 vierkante roede groot.

Hierdie plaas het voorheen aan ene JA BEETGE behoort.

Matthys Johannes DE BEER, sterf te Garsfontein op 21.4.1879 en Maria op 21.10.1901. Albei is op Garsfontein in 'n familiekerkhof begrawe. Nadat Matthys sterf word die plaas Garsfontein, nr. 428 verdeel onder hulle kinders in 9 gelyke gedeeltes.

Hul skoonseun**, Andries Johannes VERMEULEN**, geb. 14.11.1857, getroud met **Catharina Elizabeth DE BEER**, geb. 19.11.1856 erf gedeelte D van gemelde Garsfontein.
Andries se suster, **Maria Sophia VERMEULEN**, was getroud met Catharina se broer **Jacobus Coenraad DE BEER**. Hulle erf gedeelte H.

Hierdie Andries Johannes en sy suster was die kinders van **Guilliam Christoffel VERMEULEN**, geb. 11.5.1833 en **Catharina Isabella DU PLESSIS**, geb. 31.7.1836. Guilliam was die seun van Jan Gabriel VERMEULEN, die broer van Maria Adriana DE BEER, geb. VERMEULEN.

Vermelde Guilliam Christoffel en sy vrou Catharina het ook op Garsfontein gewoon. Guilliam sterf op 27.7.1879 te Garsfontein en is ook daar begrawe. Hierdie Guilliam het vermoedelik by sy seun Andries of dogter Maria op Garsfontein gewoon. Sy boedel toon dat hy nie eiendom besit het nie. Die vermoede bestaan dat toe Guilliam vanaf Colesberg na Garsfontein getrek het, die res van sy kinders hulle vergesel het, aangesien almal hulle ook in die omgewing van Pretoria gevestig het.

Andries en Catharina het op Garsfontein gedeelte D gewoon en het ook vir 'n aantal jare 'n plaas Waaikraal in die Delmas distrik besit. Andries is op 3.5.1928 oorlede en op Garsfontein begrawe. Sy graf asook ander grafte is, na bewering, met die oprigting van die Menlyn Hyperama kompleks in 1980, gelyk gemaak en die oorskot van die oorledenes in die Zandfontein begraafplaas, herbegrawe.Bevestiging hiervoor kon nie verkry word nie. Catharina het na Andries se dood in die ou opstal op hul gedeelte, bly woon. Sy het die laaste paar jaar voor haar dood op 5.8.1952 in die hoë ouderdom van 96 beurtelings by twee getroude dogters van haar seun Guillaume, op Garsfontein gewoon. Sy is op Tweefontein, 'n ander DE BEER familieplaas, begrawe.

Na Andries se dood is sy gedeelte van Garsfontein verder verdeel tussen sy erfgename en het die volgende twee seuns die volgende gedeeltes ge-erf :

**Matthys Johannes VERMEULEN**, geb. Garsfontein 28.7.1882, getroud met **Isabella Elizabeth Maria ROOS**, geb. 8.11.1887, gedeelte 3, van gedeelte D, van Garsfontein 428. Matthys sterf op 11.7.1951 en Isabella op 19.6.1940. Albei op gedeelte D van Garsfontein begrawe.

**Guillaume Christoffel VERMEULEN**, geb. Garsfontein 12.7.1884, getroud met **Margaretha Johanna ROOS**, geb. 9.10.1885, die restant gedeelte van gedeelde D van Garsfontein 428. **Guillaume** het feitlik sy hele lewe lank, tot op die ouderdom van 81 jaar, op Garsfontein gewoon, sy 7 jongste kinders is ook almal daar gebore.

Guillaume Christoffel se seun, ook **Guillaume Christoffel VERMEULEN**, geb. 6.9.1914, sterf in 'n motorfietsongeluk op 8.6.1937 te Pretoria. Hy word op gedeelte D van Garsfontein begrawe. Die Menlyn sakesentrum word in 1980 opgerig op 'n gedeelte van Garsfontein. Nadat die geboue voltooi is in 2003, word drie grafstene in die area wat as parkeerarea aangebring is, ontdek. Hierdie drie grafstene is van **Matthys en Isabella VERMEULEN** , geb. ROOS, en sy broer se seun Guilaume Christoffel.

**Sien fotos van die grafstene hier heelonder**

**FOTOS VAN GARSFONTEIN SE VERMEULENS.**



**Maria Adriana DE BEER, geb. VERMEULEN 3.1.1825 - 21.10.1901**



**Andries en Catharina VERMEULEN DE BEER Erfgename van gedeelte D Garsfontein, 428.**



**Catharina Elizabeth VERMEULEN, geb. DE BEER met Matthys J, links voor ,Guilaume C,regs voor en Catharina I, regs agter ( Die drie erfgename van GARSFONTEIN, gedeelre D**

**DRIE ERFGENAME VAN GARSFONTEIN, DEEL D.**



**Matthys J VERMEULEN en Isabella , geb. ROOS**



**Guiillaume C VERMEULEN en Margaretha J, geb ROOS**



**Catharina I VAN DER SCHYFF, geb. VERMEULEN**

**Guillaume en Margaretha met familie tydens die viering van hul goue bruilof te Garsfontein in September 1957.**



**GUILLAUME EN MARGARETHA met al hul kinders.**



**GUILLAUME EN MARGARETHA met kinders, skoon- en kleinkinders op Garsfontein**

**GRAFTE, GARSFONTEIN, PRETORIA**

Die Menlyn sakesentrum is opgerig op 'n gedeelte van Garsfontein. Nadat die geboue voltooi is in 2003, word drie grafte in die area, wat as parkeerruimte aangebring is, tans bekend as Balistraat 275, Newlands, ontdek. Hierdie drie grafte is van Matthys en Isabella VERMEULEN , geb. ROOS, en sy broer se seun Guilaume Christoffel wat oorspronklik begrawe is, op gedeelte D van Garsfontein.

**DIE DRIE GRAFSTENE WAARNA VERWYS WORD, MET FOTOS VAN DIE PERSONE BEGRAWE.**























**BRONNE**


1. Geslagsregister van die Vermeulen familie in Suider-Afrika.
   (Bond van die Vermeulen Familie, Johan en Izak Vermeulen)
2. Die Vermeulens van Garsfontein.
   (JWJ Fouché, Pretoria.)
3. Pretoria se Pionierslys. (Sy tyd en sy mense)
   (Celestine Pretorius (Hoofstadpers, Pretoria).
4. Rosa Swanepoel.
   (Inligting en fotos per e-pos verstrek.)